# DIE BOEK

## Week 3 – In die Hemel (Open.4-5)



# OPENBARING

Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, **sowel as die wat gaan gebeur**;

(Open. 1:19 AOV)



"Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n ***geopende deur in die hemel..."***

(Open. 4:1 AOV)



# Geopende deur -twee betekenisse:

- **<u>Openbaringsdeur</u>** (2 Kor.12:3-4**;** Open.4:1).
- **<u>Toegangsdeur</u>** (1 Thess.4:15-18, Luk.21)



# Openbaringsdeur



“… en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.” Open. 4:1



En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan ‘n troon in die hemel en Een sit op die troon.

(Open 4:2 AOV)



In heaven, God will never hide His face, and Satan will never show his. John Blanchard



En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.

Open 4:3



- Jaspis –soortgelyk aan ’n diamant. simboliseer God as lig.
- Sardius – Die sardius steen was rooi. Dit spreek van Jesus se bloed weens die kruisdood.



…en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. ‘

Open 4:3



- Smarag –Die reënboog herinner aan God se getrouheid deur sy verbond.



“En rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. ‘

Open. 4:4



Leeu - Matteus Evangelie,

Kalf - Markus-Evangelie,

Mens -Lukas Evangelie

Arend - Johannes-Evangelie.



U is waardig, Here ons God, om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alle dinge geskape het; deur u wil is alles wat bestaan, geskape.” (Open.4:9-11, NLV).



# Hoofstuk 5

- **Boekrol van bestemming 5:1-5**
- **Christus die lam van God 5:6-10**
- **Universele aanbidding van God 5:11-14**



En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ‘n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.(Open. 5:1 Afrikaans OV)



- Regterhand – Beheer
- Boekrol – Binne en buite beskrywe
- Sewe seëls – Maak bekend sodat die inligting gelees kan word

OPENBARING

“ En ek het ‘n sterk engel gesien wat met ‘n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie. En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie.” (Open. 5:2-4 AOV)

Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. (Open. 5:5 AOV)



OPENBARING

**Toe het ek tussen die troon en die vier lewende wesens en tussen die ouderlinge ’n Lam sien staan, soos Een wat geslag is. Hy het sewe horings en sewe oë gehad, dit is die sewe Geeste van God wat uitgestuur is oor die hele aarde. Open. 5:6**

Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.

(Open. 5:11-12 AOV)



'Die hele skepping – in die hemel, op die aarde en onder die aarde, op die see en alles wat in hulle bestaan, het ek hoor sê: “Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam, kom toe die lofprysing en die eerbetoning, die heerlikheid en die krag vir altyd en altyd.” Die vier lewende wesens het gesê: “Amen!” En die ouderlinge het neergeval en Hom begin aanbid.’
Open. 5:13-14



# 2.Toegangsdeur:1Thes.4:17



'Wat ons nou vir julle gaan sê, is ’n uitspraak van die Here: Ons wat bly lewe tot wanneer die Here terugkeer, het glad nie ’n voorsprong bo dié wat dan al gesterf het nie. Wat eerste gaan gebeur, is dat die Here self uit die hemel sal neerdaal en dat die dooies wat aan Christus behoort , sal opstaan. Dit sal gebeur wanneer die hoofengel ’n bevel gee en God se trompet weerklink. Daarna sal ons wat bly lewe het, saam met hulle op wolke die lug in weggevoer word om die Here te ontmoet en vir altyd by Hom te wees. Troos mekaar dan met hierdie woorde.’

1 Thess. 4:15-18


# Wat is die wegraping?

- Die wegraping is die eerste stadium van Jesus se wederkoms, wanneer Jesus met 'n geroep sal neerdaal op die wolke, die opstanding sal plaasvind en gelowiges weggeraap om in die hemel te wees.




# Wat is die doel?

- Bewaring tydens die sewe jaar van oordeel wat oor die aarde kom. Open.3:10; Lukas 21:36
- God se plan en doel om gelowiges te beklee met verheerlikte liggame 1Kor.15:51; 1Thes.4:13-18



# Wat is die Wederkoms?

“Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ‘n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ‘n esel—op ‘n jong esel, die vul van ‘n eselin.” (9:9, AOV)



- En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Hand.1:10-11

“Kyk, Hy kom met die wolke! Elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; al die nasies op aarde sal jammerlik oor Hom huil. Ja, amen!” Openb.1:7



- Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.  (Open. 3:10 AOV)



- *Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom,* ***te ontvlug*** *en* ***voor die Seun van die mens te staan*** – Lukas 21:36 [OAV]



# 1 Thess. 5:1-9

Broers en susters , dis nie nodig dat ek vir julle skryf oor die presiese dag en datum wanneer hierdie dinge gaan gebeur nie. Julle weet mos self dat die Dag van die Here soos ’n dief in die nag kom. Wanneer die mense nog sê: “Alles is rustig en veilig,” dan skielik, soos geboortepyne ’n swanger vrou oorval, oorval ondergang hulle. Hulle sal dit beslis nie vryspring nie. Maar júlle, broers en susters , leef nie in die duisternis sodat dié dag julle soos ’n dief sal oorval nie. Julle is tog almal kinders van die lig en van die dag.



Ons hoort nie by die nag of die duisternis nie. Laat ons daarom nie soos die ander mense aan die slaap gevang word nie . Laat ons wakker en nugter wees. Dié wat slaap, slaap snags, en dié wat hulle dronk drink, drink snags. Ons wat by die dag hoort, moet egter nugter bly deur geloof en liefde as ’n borsharnas aan te trek en as helm die vooruitsig op ons verlossing. God se bedoeling met ons is nie dat ons gestraf moet word nie, maar dat ons deur ons Here Jesus Christus verlos word! '



- Want God het ons **nie bestem tot toorn nie**, maar om die **saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus** (1Thess. 5:9 AOV)



| Wegraping | Wederkoms |
|---|---|
| Word net in die nuwe Testament genoem as ‘n geheimenis 1 Kor.15:51 | Kom reeds 300 maal in die Ou Testament voor as ‘n bekende gebeurtenis waaroor almal ‘n verwagting het, Dan. 12:1-3; Sag.. 12:10; 14:4 |
| Alle Christene se liggame word verander 1 Kor.15:51. Fil.3:21 | Geen verandering |
| Christus kom op die wolke om gelowiges te kom haal 1 Thess. 4:15-18 | Christus kom op die aarde (Olyfberg) met gelowiges Sag.14:4; 1 Thes.3:13 |
| Christene word na die vader se huis geneem Joh.14:3 | Christene bly op die aarde Open.20:11-14 |
| Regterstoel van Christus net vir gelowiges 1 Kor.3:14-15 | Wit troon oordeel vir alle ander mense dood en lewend en die aarde Open.20:11 |
| Onbekende tyd, Luk.21:28, 1 Thes.5:1-4 | Volg ‘n definitiewe patroon van tekens (Mat.24:29-30) en na die slag van Armageddon Open.19. |

| | |
|---|---|
| **Die kerk word hemel toe geneem Open. 5:9** | **Christus stel sy koninkryk op aarde op Open.20:6** |
| **Daar is geen tekens wat dit voorspel nie 1 Thes.5:2** | Daar is verskeie tekens wat dit voorspel Mat.24; Luk.21 |
| **Dit is net vir gelowiges 1 Thes.5:1-10** | Dit is vir almal Open.1:7 |
| **Dit gebeur voor die dag van wraak Luk.21:36; 1 Thes.5:9** | Dit is na die dag van wraak Open. 19 |
| **Dit is 'n tyd van blydskap 1 Pet.4:13** | Dit is 'n dag van rou Mat.24:30, Sag.12:10 |
| **Satan word nie gebind nie maar saai Open. 6:-19** | Satan word gebind vir 1000 jaar Open. 20:2 |
| **Net die gelowiges sal Hom sien 1 Tim.4:8** | Die hele wêreld sal Hom sien Open.1:7 |


# Mattheus 24:36–44

- 'MAAR van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie. 'MATTHÉÜS 24:36-44

“Leermeester, wanneer sal hierdie dinge dan gebeur en wat is die teken van wanneer dit gaan gebeur?” In reaksie daarop het Jesus gesê: “Pas op sodat julle nie mislei word nie, want baie sal na vore tree en maak of hulle namens My optree en sê: ‘Ek is die een,’ en: ‘Die tyd het aangebreek!’ Moenie agter hulle aanloop nie! Wanneer julle ook al hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie, want hierdie dinge moet eers gebeur, maar die einde volg nie onmiddellik nie.” Daarop het Hy aan hulle gesê: “Nasie sal teen nasie optrek en koninkryk teen koninkryk. Daar sal hewige aardbewings wees, en van plek tot plek sal daar hongersnood en epidemies wees. Daar sal vreesaanjaende dinge voorkom en magtige tekens van die hemel af. “Nog voordat al hierdie dinge oor julle kom, sal hulle julle arresteer en vervolg. Hulle sal julle aan die sinagoges en tronke oorlewer; hulle sal julle voor konings en goewerneurs sleep omdat julle in my Naam optree. 'LUKAS 21:5-12

LUKAS 21:20-28,34-36

'EN wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie. Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is. EN daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid



…van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.  LUKAS 21:20-28,34-36



Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.  Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.  (1Thess. 4:13-17 AOV)

“En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.” Heb. 9:27-28



# Kan nie wederkoms wees nie weens rigting

- In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. (Joh. 14:2 AOV)

- En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, <u>kom Ek weer</u> en <u>sal julle na My toe neem</u>, sodat julle <u>ook kan wees waar Ek is</u>. (Joh. 14:3 AOV)

- 'MATTHÉÜS 24:24-30


'Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn — moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom. EN dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.



I Kor. 15:51-54

“Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.”



Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.
(Fil. 3:20-21 AOV)



# JOHANNES 14:1-3

“Moenie ontsteld wees nie. Hou net aan om op God te vertrou en hou ook aan om op My te vertrou. In die huis van my Vader is daar baie kamers. As dit nie só was nie, sou Ek dit aan julle gesê het. Ek gaan soontoe om vir julle plek gereed te maak. En as Ek gegaan en vir julle plek ingerig het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem sodat julle ook kan wees waar Ek is.”

# Datums vir die wederkoms of wegraping?

- Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.  (Mat. 24:36 AOV)